Bylaag L
‘n Model vir ‘n herenigende kerk tussen die VG Kerk en die NG Kerk vanuit ‘n NG Kerk perspektief

1. Algemene Sinode 2002 sien die strukturering vir eenwording as ‘n proses wat op die vlak van die plaaslike gemeente, op ringsvlak en op sinodale en algemene sinodale vlak met oorgawe ontplooi moet word.

2. Wes- en Suid-Kaapland, asook Oos-Kaapland besluit tov die eenheidstruktuur in 2003: Die gewone presbiteriale struktuur van ‘n gesamentlike algemene sinode, gesamentlike streeksinodes en gesamentlike ringe word gevolg. Ten opsigte van gemeentes word ‘n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede ‘n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van die gemeente. Die moontlikheid word ook oopgelaat vir ‘n groep gemeentes wat besondere belange deel, om ‘n eie buitengewone verbandsvergadering (ring of sinode) byeen te bring wat kan rapporteer aan die breër verbandsvergaderings. Hierdie spesiale groeperings vervang egter nie die gemeentes se inskakeling by die gewone ringe, sinodes en die algemene sinode nie.

3. Reglement 6:5 (Kerkorde 2002) maak dit alreeds moontlik dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede.

4. Moontlike modelle vir kerkeenheid:

4.1 Organiese Eenheid (Denomi-nasionele Eenheid): Volledige eenheid (een kerkverband) met een Algemene Sinode en die moontlikheid van eenheid op alle ander vlakke van kerkwees (d.w.s sinodes, ringe en gemeentes).

4.2 Die Leuenberg-orde: Die moontlikheid dat gemeentes en ringe mekaar se **konfessies oor en weer erken**, verenigde gemeentes vorm indien hulle so verkies, en waar al die gemeentes as een denominasie fungeer en in een sinode bymekaarkom.

4.3 Die United (Presbyterian) –model: Die moontlikheid dat die **verskillende kerke nog afsonderlik bestaan**, maar dat op bepaalde vlakke van kerkwees (d.w.s sinodes, en/of ringe, en/of gemeentes) daar volledige kerkregtelike eenheid kan bestaan. Die moontlikheid veronderstel nie noodwendig **dubbele lidmaatskap** nie.

4.4 Die moontlikheid dat **strukture van een kerk** (bv. ‘n gemeente) **oorgaan** na ‘n ander kerk.

4.5 Samewerkende gemeentes (sg. “konvent-gemeentes”) wat bestaan uit twee of meer gemeentes van **afsonderlike kerke** wat so wyd moontlik saam kerk is deur saamdoen en saamwerk.

4.6 Federale model: Die onderskeie ringe, sinodes en algemene sinode bly voortbestaan en vaardig verteenwoordigers af na ‘n oorkoepelende sinode of ring.